# Bio-Blog

Mei 2024


**Om aandeelhouers van die RBX Groep op hoogte te hou**

## Nota van die Besturende Direkteur

Die Citrusdal-fasiliteit het onlangs sy insette vir motprodukse vir die jaar afgesluit. Soos die finale groepe grootskaalse produksie voltooi word, maak XSIT gereed vir 'n periode van deeglike skoonmaak en instandhouding. Verder sal ons die eierpankamer vergroot, om sodoende te verseker dat ons voortdurend genoeg kapasiteit het om te voldoen aan die aanvraag van alle relevante produkte. Veranderinge vind ook by die Addo-fasiliteit en by hoofkantoor plaas om te verseker dat virus- en makrobiale produksie in die volgende seisoen glad begin.

**Welgedaan aan al die produksiespanne vir 'n seisoen waar ons produkte altyd beskikbaar was om aan die behoefte te voorsien.**

CHEERS, ROB



## Spangees in Volle Mag by die 2024 "Corporate Triathlon Challenge"!

**Die IRONMAN Afrika-kampioenskap word al jare lank in Port Elizabeth gehou en is 'n belangrike byeenkoms op die stad se kalender.**

Hierdie geleentheid daag deelnemers uit om 3,8 kilometer in die see te swem, 180 kilometer fiets te ry en dan 'n volle maraton van 42,2 kilometer te voltooi. Terwyl professionele atlete dit gewoonlik binne ongeveer 8 ure voltooi, moet amateurs teen middernag klaarmaak, nadat hulle omstreeks 07:00 begin het. Dit is in total tot en met 17 ure se aaneenlopende oefening!

Vir diegene wat op soek is na 'n minder uitdagende deelname en 'n wonderlike spanbougeleentheid, is die "Corporate Triathlon Challenge" die perfekte keuse.

Vanjaar het River Bioscience 4 spanne ingeskryf vir die 380 meter swem, 18 kilometer fietsry en 4,2 kilometer hardloop. Wie het geweet ons het soveel versteekte atletiese talent reg onder ons dak.

**Uitstekende spanwerk deur almal wat deelgeneem het, asook diegene wat die spanne kom ondersteun het!**

| | Span 1 CRYPTOGRAN | Span 2 MULTIMAX | Span 3 TRICHOMAX | Span 4 CRYPTOMAX |
|---|---|---|---|---|
| Swem | Michelle | Khaalid | Khalipha | Andre |
| | 5.04 | 5.28 | 8.25 | 5.11 |
| Verwisseling | 1.49 | 5.15 | 1.34 | 2.14 |
| Fietsry | Rob | Khaalid | Jeaninne | Theunis |
| | 39.47 | 45.52 | 58.34 | 47.46 |
| Verwisseling | 0.24 | 0.27 | 0.33 | 0.39 |
| Hardloop | Sima | Thando | Sipho | Eben |
| | 20.35 | 18.14 | 18.13 | 32.12 |
| Totaal | 1hr07.42 | 1hr15.17 | 1hr27.21 | 1hr28.05 |








ISUZU CTC CORPORATE TRIATHLON CHALLENGE










### Mei Verjaarsdae

Albertus Ruiters, Christopher Kapel, Muriël Dars, Tanna Hewett, Mncedisi Ngquse, Nadia Gagiano, Chanté Bekker, Keegan Mentoor, Anita Smit, Meugel Fransman, Hillsenzo Coetzee, Sachelo Kamfer, Pamela Zamxaka, Thobani Bisa, Andre Moolman, Gerreny September, Sean Thackeray, Hendrik Engelbrecht, Enrico Ficks, Patricia Prince, Mathew Goddard, Dyhan Ruiters, Theunis Lombard

**Trotse Lede van die CGA Groep van Maatskappye**

River Bioscience | xsit x sterile insect technique